

10 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 18:1-35

Belangrikheid, vermaning en vergewing in die koninkryk

Dit is so maklik om baie belangrik in jou eie oë te word. Dit kan tot gevolg hê dat jy op ander neersien en jouself hoër ag as wat jy regtig is. In die koninkryk van God heers daar egter totaal ander waardes as wat ons op die aarde het. Dit is nie hy wat deur almal gedien word wat die belangrikste is nie, maar hy wat 'n getroue dienaar is. As daar wedywering vir eer en aansien op aarde is, dan is ons nog aards en dink en leef ons nie soos mense van die koninkryk nie.

Vermaning teenoor mekaar is om eerstens jou verhouding met God en daarna onderlinge verhoudinge tussen broeders en susters te herstel. Dit is baie belangrik dat ons mekaar in liefde sal vermaan sodat daar vrede sal wees. Daar is spesifieke stappe wat Jesus voorskryf. Eerstens moet jy die saak met jou broeder of suster gaan uitpraat. As hy na jou luister, het jy die verhouding herstel en is daar vrede tot eer van God. Tweedens: As hy nie luister nie, neem jy 'n medebroeder of suster saam. As hy na jou luister is die doel bereik. Derdens: As hy egter steeds sy hart verhard, moet jy dit aan die ouderling bekend maak wat op sy beurt dit aan die kerkraad sal voorlê. Die hele proses is daargestel om die lidmaat vir God en die gemeente te behou.

Om mekaar te vergewe is seker een van die moeilikste sake vir die sondige mens. Woorde soos: “Ek sal jou terugkry” of “Boontjie kry sy loontjie” is bekende woorde. Dit spreek van 'n onvergewingsgesindheid. Jesus leer vir Petrus hoeveel maal ons moet vergewe. Die Jode van destyds het gereken as jy iemand drie maal vergewe het, het jy goed gedoen. Om seker te maak dat hulle reg was, het hulle dan twee keer drie maal plus nog een keer vergewe en dan gereken dit is genoeg. Jesus leer egter dat selfs sewentig maal sewe keer nie genoeg is nie. Het Jesus Christus nie vir al ons sondes aan die kruis betaal nie?

Ons hemelse Vader het in sy ewige ontferming ons onberekenbare skuld vrygeskeld. Daarom moet ons elke dag ook ons medebroeder en medesuster se skuld vergewe.

Sing: Psalm 38:1,15,17

Ds GS Kruger (Centurion)